

**Skriflesing:** Mattheus 22:15-46Teks: **Mattheus 22:17,28,36****Sing-** (Ps. 18:1; Ps. 25:2; Ps. 20:1,2 ; Ps. 23:1,2)**Ps. 8:1,6,7; Ps. 36:1; Ps. 141:1,5,9; Ps. 91:2****Mattheus 22:15-46****Mat 22:15** Toe gaan die Fariseërs saam raad hou hoe om Hom in sy woord te verstrik.**Mat 22:16** En hulle stuur hul dissipels saam met die Herodiane na Hom en sê: Meester, ons weet dat U waaragtig is en die weg van God in waarheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense aan nie—**Mat 22:17** sê dan vir ons, wat dink U: **Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie?****Mat 22:18** Maar Jesus het hulle boosheid bemerk en gesê:**Mat 22:19** Geveinsdes, waarom versoek julle My? Wys My die belastingmunt. En hulle het vir Hom 'n penning gebring.**Mat 22:20** En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit?**Mat 22:21** Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.**Mat 22:22** En toe hulle dit hoor, was hulle verwonderd en het Hom verlaat en weggegaan.**Mat 22:23** Dieselfde dag kom daar na Hom Sadduseërs, hulle wat sê dat daar geen opstanding is nie, en vra Hom**Mat 22:24** en sê: Meester, Moses het gesê: As iemand sonder kinders sterwe, moet sy broer sy vrou trou en kinders vir sy broer verwek.**Mat 22:25** Nou was daar by ons sewe broers, en die eerste het getrou en gesterwe; en omdat hy geen kinders gehad het nie, het hy sy vrou vir sy broer agtergelaat.**Mat 22:26** So ook die tweede en die derde tot die sewende toe.**Mat 22:27** En laaste van almal het die vrou ook gesterwe.**Mat 22:28** **In die opstanding dan, van watter een van die sewe sal sy die vrou wees—want hulle almal het haar gehad?****Mat 22:29** Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie.**Mat 22:30** Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel.**Mat 22:31** En wat die opstanding van die dode betref—het julle nie die woord gelees wat tot julle deur God gespreek is nie:**Mat 22:32** Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes.**Mat 22:33** En toe die skare dit hoor, was hulle verslae oor sy leer.**Mat 22:34** En toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs die mond gestop het, het hulle almal saam vergader.**Mat 22:35** En een van hulle, 'n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Hom te versoek en gesê:**Mat 22:36** **Meester, wat is die groot gebod in die wet?****Mat 22:37** En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.**Mat 22:38** Dit is die eerste en groot gebod.**Mat 22:39** En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.**Mat 22:40** Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.**Mat 22:41** En toe die Fariseërs saamgekom het, vra Jesus hulle**Mat 22:42** en sê: Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n.**Mat 22:43** Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê:**Mat 22:44** Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?**Mat 22:45** As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?**Mat 22:46** En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.

**Skriflesing:** Mattheus 22:15-46

Teks: **Mattheus 22:17,28,36**

**Sing- (Ps. 18:1; Ps. 25:2; Ps. 20:1,2 ; Ps. 23:1,2)**

**Ps. 8:1,6,7; Ps. 36:1; Ps. 141:1,5,9; Ps. 91:2**

Geliefde broeder en suster- Die laaste week van Jesus op aarde, was 'n week waar mense hulleself op baie maniere wou laat geld. Ons het mense nou al op verskillende maniere sien optree. Daardie intog wat daar Sondag in Jerusalem was, Jesus word besing terwyl Hy op 'n donkie Jerusalem inbeweeg. Maandag word die tempel omgekeer, terwyl die vyeboom die verdroogde binnekant van mense se godsdienst wys, Maandag word Jesus direk oor sy gesag uitgedaag. Met watter gesag tree Hy op en waar kry Hy hierdie gesag?! Hulle wat Jesus na sy gesag uitvra wat eintlik maar 'n uitdaging van sy gesag was, word dadelik gekortwiek deurdat Jesus hulle met 'n teenvraag ook 'n gesag vra. As hulle kan sê met watter gesag Johannes die Doper sy bediening kon uitvoer dan het hulle nie nodig om oor Jesus se gesag te wonder nie. Vir Johannes en vir Jesus was die gesag wat hulle bedien, op geen manier iets om oor te twyfel nie. Dit gaan oor die gesag van God.

\*\*\*

Jesus het nog verder gegaan. Waar mense Hom so wil uitdaag laat Jesus die mens 'n slag na homself kyk. Ons was reeds by die drie gelykenisse wat Jesus die een na die ander vertel het, waar elke gelykenis die mens in sy totale weerspanningheid, ons lewe so vol teëstellings, ons lewe vol weersprekinge, ons lewe vol onwaarskynlikhede word blootgelê. Die teëstelling van die pa wat sy twee seuns stuur, die een seun sê NEE vir die opdrag van sy pa, maar doen wel later wat gevra was. Daar is bekering, herbesinning, wonderlik die omgekeerde lewe in teëstelling met die weerspannige weerspreekte mens wat wel JA, sê, maar daar word niks gedoen nie. Dit wat die ander seun gedoen het, is wat ons as mense baie keer doen. Ons gee voor daar word JA, gesê maar wat kom werklik van hierdie JA, tereg?!

Jesus het nog verder gegaan, daar was 'n huisheer wat sy deel van sy wingerdoes wou opeis, hy stuur sy dienaars, maar hulle verloor die een na die ander. Hulle word in so 'n hulpelose staat geplaas, nog erger, van hulle word doodgemaak, dat die huisheer op die einde sy eie seun stuur en die verskriklikste wat daar kon gebeur tref hierdie seun. Ons het daarop gewys hoe dit Jesus sou tref, waar Jesus eintlik maar 'n gelykenis vertel met wat daardie Vrydag Hom sou tref. Dit wat selfs die huisheer gedink het darem onwaarskynlik sal wees, hulle sal my seun ontsien.... sy seun is gedood.

Dan was die derde gelykenis een van genade op genade. Al gebeur die verskriklike, al het die Joodse leiers hulleself in ál die gelykenisse van die week moes ontdek, het God steeds die bruilofsaal in gereedheid gehou, terwyl die gaste nie wil kom nie. Alles was goed voorberei, maar mense gee hulle rug, hulle stel nie belang om in te kom nie. Een na die ander verskoning maak die Gasheer kwaad, waar genooides dit nie werd is wat reeds voorberei was nie. Ons het gelees van die pa met die twee seuns, die huisheer met die wingerd, die koning by die bruilof, alles wat net op God dui, terwyl dit wat op die mens dui laat ons in onself verstom, ons wonder sal enigeen nog iets kan sê. Dit wat die gelykenisse vir die mens van homself wys is om oor baie skaam te wees, baie bekommerd te wees, ja inderdaad Sondag 2-3 van die Kategismus wat die mens in die grootte van sy ellende uitmeet word by hierdie gelykenisse in gemeet.

\*\*\*

Wie hierna kyk moet baie ernstig na homself/haarself begin kyk, maar geliefdes wat gebeur hier. Alles behalwe raak die mens stil, die mense raak net nog meer uitdagend, want drie gelykenisse verstom nie die Fariseërs, nie die Herodiane, nie die Sadduseërs nie. Die mens raak al hoe meer breedsprakig, toe Jesus se laaste week op aarde kom. Elk van hierdie groepe verbeel hulle om met 'n vraag deur hulle fyn uitgedink en uitgewerk Jesus vas te trek. Dit was seker nou al laat daardie Dinsdag maar die mens wat dink hulle is hoog wýs, het nie end nie. Hierdie Dinsdag was daar al baie gepraat maar die mens wil altyd die laaste sê probeer inkry.

Die Fariseërs en Herodiane vorm selfs die mees onwaarskynlike koalisie teenoor Jesus. Wie sou dit kon voorsien?! 'n Fariseër en 'n Herodiaan wat polities aartsvyande vanmekaar is, maar hoor ons dit nie ook maar weer in ons tyd nie. Veral so kort voor die verkiesingstyd. Wanneer godsdiens by die politiek ingesleep kan word dan gebeur die vreemdste dinge. Mense wat jy nooit saam sien nie kom skielik met die stem van die politiek om hulle godsdiens sterker te laat klink. Die keiser en belasting vorm skielik 'n punt op die agenda. Ons ken die Fariseërs as 'n Joodse weerstandsbeweging wat die Romeine en die Romeinse owerheid nie kon verdra nie. Selfs net die naam Fariseër dui in sy Hebreuse kern op 'n daad van *om jou af te sonder*.

Nou span hulle, die Fariseërs kragte saam met die Herodiane wat weer positief was teenoor Herodes Antipas en sy Romeinse regering. Kyk nou hoe geslepe en vals word dit wanneer mense begin voorgee dat my vyand se vyand word my vriend. Alle kante probeer om Jesus heuning om die mond te smeer. So geslepe probeer hulle Hom sagmaak, luister mooi hierdie verskriklike skynheiligheid wat hulle voor Jesus wil ten toon stel in v 15- *Meester, ons weet dat U waaragtig is en die weg van God in waarheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense aan nie*— Hulle bedoel nie 'n enkele woord wat hulle sê nie, maar hulle sê dit, hoe gevaarlik tog!

\*\*\*

Die Fariseërs span saam met die Herodiane in die vraag wat Jesus, so was hulle vas oortuig, sommer baie gou in groot moeilikheid kan bring. Die vraag na belasting word nou kamtig onskuldig gevra maar die slinksheid hieragter is fyn uitgewerk. As Jesus gewoon sou instem dat julle moet belasting betaal dan het die Fariseërs vinnig na hulle Joodse kamerade kon gaan en sê hierdie man is teen ons volk. Hy is ten gunste van belasting aan die owerheid wat ons so verafsku. Kyk Jesus is eintlik anti-Joods, wat wil ons nog verder met Hom te doen kry. So het die Fariseërs geglo sal hulle slaag om dan veral hulle volksgenote te oortuig om teen Jesus te draai.

Die Herodiane stel hulle nette net so fyn om Jesus met dieselfde vraag te wil vastrek. Ja, die net word net weer van die ander kant opgestel, want as Jesus die Fariseërs napraat deur 'n negatiewe antwoord oor hierdie belasting te spreek, dan het die Herodiane hulle geleentheid om na die keiser te haas en Jesus aan te kla as anti-belasting, anti die regering, anti die keiser, ja wanneer so 'n beskuldiging teen Jesus uitgebring kan word dat Hy is inderdaad teen die betaal van belasting dan is daar so 'n maklike en aaklige weg om Hom summier aan te kla en weg te sluit.

\*\*\*

Tog word ons Here nie hierdeur verstrik en verskrik nie. Daardie mees onwaarskynlike koalisie ontvang 'n antwoord wat ons verlede Sondag by Sondag 39 van die Kategismus al duidelik kon uitwys, dat belasting is nie primêr 'n ekonomiese saak nie, maar wie se gesig is op die geld, wie het daardie gesig geldelik gemaak. Is dit 'n mens wat belasting geldelik

maak of moet God nie sy eer kry nie? Belasting is 'n saak van dien die keiser in wat sy roeping en verpligting moet wees dan eer jy God. Die Goddelike insig en wysheid waarmee Jesus hierdie geweldige kwesbare situasie waarin hierdie mense Hom wou plaas kon blootlê is beslis geen gewoon menslike wysheid wat die Fariseërs en Herodiane gelyktydige in hulle haatdraende spore sou stuit nie, want vir eers is hulle stil! Ons lees rondom albei groepe, *hulle was verwonderd en het Hom verlaat en weggegaan.*

\*\*\*

Nou kom die ander dam se eende, die Sadduseërs! Ja, die Sadduseërs is mense wat die politiek tot 'n kragspel uitgebou het. Iemand beskryf die Sadduseërs as mense wat konserwatiewe godsdiens aan kragtige politiek kon verbind. Hulle politieke vernuf het hulle in hoë posisies kon bring. Baie van die Sadduseërs het dan ook afgestam uit ryk aristokratiese families, wat ook die priesterlike families ingesluit het.

Mense wat die kragspel van die politiek in die godsdiens inweef is gevaarlike mense en dit wil hulle nou ook met Jesus probeer. Hulle kom met 'n vraag wat nou al nader aan Jesus wil gryp want gaan dit nie oor geld en belasting nie, maar hulle geslepenheid word 'n uitgewerkte etiese vraagstuk. 'n Huwelikskwessie gebind aan 'n lewens- en hemelse kwessie... Wat gebeur as ek doodgaan, nee hulle vat die dood eers na die slaapkamer, wat gebeur as 'n vrou verskeie mans oorleef, hulle wil dit hê dat 'n vrou tot 7 mans kon oorleef, nou die vraag wat hulle geglo het, hier het ons Jesus nou vas. Wie van daardie 7 mans sal hierdie enkele vrou op die einde in die nuwe lewe sy vrou kan noem. Weereens al is hulle politiek hoe kragtig weet ons, dit het Jesus beslis geweet, hulle godsdiens is van so 'n aard dat hulleself glo nie in die opstanding van die liggaam nie en dat die mens wel in die Here kan sterwe om dan by die Here te wees nie. Hulle wil Jesus probeer vastrek op die terrein van etiese-godsdiens waar hulle eie geloof nie eers bestaan nie, hoe vals word die mens dan nie?! Die Sadduseërs glo nie dat daar 'n opstanding uit die dood kan wees nie, hulle glo ook nie dat daar engele bestaan nie... Wat is die nut van hulle vraag dan?!

Om strikvrae te vra op 'n terrein waar jou eie hart glad nie eers op die tafel is, is seker van die mees huigelagtige en skynheilige vorme van optredes wat daar kan wees. Tog weet ons die bankiers en die manne van geld het dikwels onder die Sadduseërs getel. Jesus se optrede die

Maandag by die tempel om die tafels van die geldwisselaars so om te keer, om alles daar so te laat stop, het veral hulle 'n geweldige knou toegedien. Hulle as Sadduseërs het ook die meerderheid op die Sanhedrin, die Joodse regsprekende liggaam gehad. Mense wat graag hulle invloed wou gebruik, want weet ons die geldmaak-besigheid en om invloed te kan uitoefen het 'n manier om saam te werk.

\*\*\*

Maar geliefdes ook hulle word vanuit God se Woord ontmasker. Hulle vraag wat hulle gedink het Jesus in die moeilikheid sal bring, het 'n baie eenvoudige antwoord. Julle weet inderdaad nie waarvan julle praat nie, julle raak in julle onkunde net nog meer onkundig, want die etiek waarmee julle my konfronteer is in die hemele nie meer geldig nie. Daar sal in die hemelse heerlijkheid nie meer sprake wees van huwelike en ooreenkomste en liefdesprosesse soos ons dit op aarde ken nie. Die volmaakte van die hemele sluit al hierdie dinge uit. Wie soos die Sadduseërs dink, reken nie met die almag en die krag van God nie. Hulle wil daardie vrou se 7 mans die crux van 'n groot argument maak, maar die crux is nie in wie met haar getroud was en wie nou op die einde haar man sal wees nie. Die crux is Wie haar God is en Wie die lewe in sy hande hou. Jesus sê dit duidelik in v.31 -32: *31 En wat die opstanding van die dode betref—het julle nie die woord gelees wat tot julle deur God gespreek is nie: 32 Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes.*

Ons moet dit raaksien, dit wat Jesus presies hier sê, Hy **IS** die God van Abraham, Isak en Jakob. Selfs al het die aartsvader liggaamlik gesterf, verander dit niks in wat hulle posisie voor God is nie. Hulle is nou by die Here. Hulle lewe in wat die mens nie kan sien nie, maar wat reeds volkome aansluit by die lewe wat daar by God is. Daarom die groter saak wat die lewe is, styg bo die mens se begrip uit van wat die lewe en huwelike en selfs ons begrip van liefde behels. God is groter as wat ons kan begryp! Mense wat nie die Skrifte ken nie en nog minder die krag van God, het met hierdie tweede rondte ook maar stil verslae oor die leer van wat ons hier lees hulle monde moes sluit.

\*\*\*

Intussen het die Fariseërs weer asem geskep. Die mens in sy bedrog gaan mos in sy kamtige alwysheid voort, sing ons in van die Psalms. *Die boosheid van die bose man, //my diepste*

*hart getuig daarvan...* Dit waarmee die Fariseërs nou na die Here kom, wil my amper laat vra, maar kan dit waar wees. Hulle wil met die Here oor sy gebooie praat. Ja, mense wat so slinks, so huigelagtig, so weerspanning hulleself teen die Here bly opstel, wil praat oor God en sy gebooie... Kan dit waar wees... Nogal met die vraag na wat is die grootste. *Wat is die groot gebod in die Wet?* Hier lees ons is 'n sg. wetgeleerde die groot vraagsteller. Sulke geleerdes uit die Fariseërs vorm deel van hulle wat die Wet opgebreek het in 613 allerhande wette en reëls. Ja, uit hierdie 613 mensgemaakte opstellinge rondom die wet is meer as die helfte, 365 daarvan, soveel dae soos wat daar in 'n jaar is, direk geneem met allerhande jy mag nie dit doen, dat mag jy nie, moenie dit doen nie... Met watter skyn en bedrog het mense hulle hul by die Wet laat intrek, terwyl die 10 gebooie volmaak, duidelik en altyd geldend geen opsplinteringe, uitbreidings en mensgemaakte reëls benodig nie. Maar die mens wil mos gesag bepaal en wil nie bly by net wat God wil nie...

Geliefdes maar ons kan hierdie ontmoeting met die Here vandag afsluit met wat Jesus se antwoord aan hierdie geen opreg bedoelde vraag was nie. Jesus se antwoord is opreg bedoel, volkome in wat God se wil is, direk moet dit op jou en my lewe beslag lê! Wees lief vir God, wees lief vir die mens wat ook na jou God se beeld geskape is... As jy nie vir die mens kan lief wees nie, moenie lieg en sê maar ek het God lief nie... Jesus laat Hom nie intrek in die fragmentering van die wet en wil hulle Hom nou in hulle klomp reëls en wette toets nie, want het hulle gedink as Jesus wou wys wet nr. 400 is belangriker as wet nr. 50 dan het ons Hom. Nee, Christus laat hoegenaamd Hom nie hierdeur vang nie. Die Here het deur al drie hierdie uiters fyn opgestelde vrae soos 'n fyn wip opgestel, waarbinne mense Hom wou vang, Hom nie laat vang nie. Hy praat nie alleen in sy allesomvattende wysheid nie, maar om Hom te mag hoor in sy volmaakte liefde daaraan moet Hy geken word.

Ja, die liefde waarmee Jesus sulke haatlike vrae mee afsluit is vir ons tot voorbeeld. Sonder liefde val alles plat. Wanneer Jesus hierdie liefde vêrder voer, is waar ons Hom volgende keer nog nader mag leer ken, as Seun van Dawid, want hulle wat Jesus wou vastrek, besef hulle waarlik met Wie het hulle te doen. Dit wil voorkom hulle weier om hulle ore, hulle oë, hulle harte oop te maak.

AMEN

